**Sondag 10/9**

**TOERUSTINGSONDAG LEPROSIEDAG (MELAATSE)**

09:30 Erediens/Kategese

Deuroffer: Herberg Tehuis

Diensbeurt: Krige

**Woensdag 13/9**

Nadine blom—aanlyn veiligheid

Laerskool Overberg 18:30

**Vrydag en Saterdag 15,16/9**

Journey of generosity

Vrydag 18:30 -21:00

Saterdag 09:00 –13:00

Registrasie by kerkkantoor

(Gratis)

**Vergadering week**

Maandag :18/9 Jeug en Gemeentebediening

Dinsdag 19/9: Getuienis en Eiendomme

**Sondag 24/9**

Erfenisdag

09:30 Erediens/Geen Kategese

Deuroffer: Skoolverlaters

09:00 Erendiens Solitaire

**Maandag 25/9**

Openbare vakansiedag

**Donderdag 28/9**

Lenteveeveling 12:00

Slamglamveiling en Melodrama: 19:00

Diensnuus

ONS GEE GOD SE HOOP EN LIEFDE AAN

# September ritme…"besigwees"

Ons het die jaar afgeskop met die tema, "terug na God se ritme". Wat `n uitdaging is dit nie? Ons sukkel regtig om te hou by die ritmes soos God dit vir ons leer in die Woord. Ons is meer soos die Prediker beskryf, alles `n gejaag na wind. Ons poog almal om `n beter dieper leefstyl te bedryf, waar daar tyd is met geliefdes, waar ons stiltes geniet saam met God en die Woord, en waar ons verhoudings kan verdiep met langsame gesprekke. Ons sukkel om dit reg te kry, want ons is besig, besig, besig. Daarom moet ons onsself gereeld terug bring na God se beginsels.

In die tyd van die jaar is ons gemeente baie besig ook. Daar is die veiling saam met die slaglamveiling en melodrama, daar is kampe en kursusse, lofprysing geleenthede en eredienste met kategese en kuiers. Ons wil mense bemagtig met toerusting en begelei deur die Woord. Ons leef saam, kuier saam en lag saam. Dit als kom met beplanning en energie. Dan het die skole se eksamens begin en die Canola run was aan die gang. Daar kom nou die groot Nampo Skou en wie weet wat als. Lekker tye. Maar ons moet iewers weer sien hoe lyk God se ritme in dit als.

Wat ek geleer het by Jesus in die evangelie van Markus die afgelope tyd.

*As jy Markus lees sal jy gou agterkom dat die woordjie onmiddelik, of dadelik gereeld voorkom. Markus is `n besige evangelie. Dinge gebeur teen spoed. Daar word nie baie tyd spandeer om Jesus se herkoms of familie storie te vertel nie. Sommer dadelik begin Sy werk en wonders. En in die gejaag van Markus is daar gereelde tye wat Jesus eenkant gaan om te bid, of te rus, of net alleen wees. Dis asof Jesus iets wil oordra van `n ander soort ritme. Gaan bid eenkant en kry weer kalmte, vrede, rus vir jou siel. Herfokus en kry weer krag by die Vader.

*In die tyd van Markus se evangelie sou koninklikes nooit hardloop nie. Inteendeel, hulle sou eerder baie stadig loop. Stephan Joubert het my een keer vertel dat hulle selfs hul koninklike kleed tot op die grond sal laat hang sodat mense nie hul voete sien beweeg as hul so statig en stadig loop nie. Lyk amper asof hulle sweef. Dis laat hul amper goddelik voorkom. In daardie milieu kom Jesus op `n heeltemal ander manier. Hy is die nuwe Koning wat kom "hardloop" in die vinnige Markus evangelie. Net slawe het in daardie tyd gehardloop. Jesus kom "hardloop" soos `n slaaf. Hy is die dienende Koning. In `n besige tyd is dit `n goeie ingesteldheid om te hê. Wees diensbaar en kry tye van stilte om te kan voortgaan met die dienswerk.

Daar is nie altyd fout met besig wees nie. Daar kom `n tyd vir elke ding. Soms moet mens meer besig wees, soms moet mens meer wag, soms moet mens meer beplan en soms moet mens meer doen. Dis als normaal. Die belangrike is om nooit perspektief op ons roeping te verloor nie. Hoekom is ons hier? Wat sal die uitkoms van ons besige ritme wees? Jesus het nie fokus op Sy roeping of Sy werk hier op aarde verloor nie. Ons moet ook nie. Ons het hoop en liefde van Hom ontvang, kom ons gaan gee dit deur al ons bedrywighede aan.

Groete uit Trinity 16

**Diens van Barmhartigheid-Geleentheid**

Ons gemeente het die geleentheid gekry om vir Overberg Agri 'n kosproduk te maak by 21 September se Boeredag. Dit is heerlik om saam met ander liefdadigheidsorganisasies saam te kan werk vir so projek.

Ons winste wil ons direk aanwend by ons Diens van Barmhartigheid ondersteuning in die dorp, wat die laaste tyd baie uitbrei.

Ons gaan **roosterkoek** met "pulled pork" maak EN 300 van hulle!

Ons benodig dames om te help met die dag van die funksie – 21 September van 11:00 tot 16:00 (as jy net vir 'n tyd kan kom is dit ook reg – dan kan ons aflos doen)

Ons benodig manne om te help Roosterkoek braai op 20 September

As jy kan help gee asb jou naam vir die kerkkantoor per whatsup of vir Liz by 072 932 6374



Baie geluk aan die volgende lidmate wat verkies is tot die kerkraad. Die kerkraadsbevestiging vind plaas op Sondag 17 September 2023.

**Bergwyk**: Jaco Jordaan ,Ouderling

**De Baan:** Francis Dixson ,Diaken

**De Kuil:** Jacques Crocker, Ouderling

**Diepgat:** James Smal ,Ouderling

**Freesia**: Jolanda de Wet ,Ouderling

**Fynbos**: Rahna Matthee ,Ouderling

**Goudini**: Hein Smal, Ouderling

**Jongensklip**: Wella van Deventer ,Ouderling

**Kleinwyke**: Johan van der Merwe, Ouderling

**Konstitusiestraat**: Ben Louis Fourie ,Diaken,
JD Otto, Dienswerker

**Krige**: Francois du Toit, Ouderling

Barend de Kock ,Diaken

**Middedorp**: Barend Swart ,Dienswerker

**Sentrale**: Henk Jordaan ,Ouderling

Willie Bester, Diaken

**Stasie**: Louis Germishuys ,Ouderling

**Veldblom**: Rénand Swart ,Diaken

Anja Swart ,Dienswerker

**Waboomskloof**: Johan Wiehahn ,Diaken

Pietersarel de Bruyn voorsitter van Diensverhouidngs.

# Grd 8 – 11 kamp Wortelgat 25-27 Augustus

Vrydagmiddag het ons vertrek na Wortelgat met 2 bussies so tussen die vlae reën deur, maar met baie energie en opwinding oor wat voorlê vir die naweek.

Met die aankoms het ons die fasiliteerders ontmoed en speletjies gespeel om mekaar beter te leer ken, soos speeddating.

Ons kon darem die koue verdryf met 'n lekker binnebraai, hotdogs, chips en baie koffie en hot chocolate. Met baie entosiasme het ons die Bokke ook ondersteun en hulle wedstryd gekyk. So tussendeur is daar handtjietennis gespeel en baie gelag.

Saterdagoggend was nog koud en nat. Ons het stiltetyd gehad en vir 'n uur op ons eie met Die Here Spandeer.

Saterdagmiddag het die weer so gelig dat ons darem die namiddag kon leer Pyl en Boog skiet en met die kajaks op die lagoon uitgaan. Ons het ander aktiwiteite ook gedoen vir spanbou.

Saterdagaand het ons om die Boma gesit en geleer van Elija en stiltetyd gehou. Ons het heerlike hoenderfillet burgers gebraai en kon bietjie kuier en mekaar beter leer ken.

Sondagoggend het pragtig aangebreek en het ons weer 'n uur stiltetyd gehad in die natuur elkeen op sy eie.

Na 'n heerlike brunch het ons die bussies gepak en terug gekeer huiswaarts.

Baie dankie aan die Dienssentrum en Heidehof wat hulle bussies vir ons geleen het en baie dankie aan Tannie Marlene en Oom Piet wat altyd bereid is om ons rond te ry. Dankie ook aan Oom Willie Bester en Oom Coenie vir die help in die kombuis en lekker braai. Tannie Larese , Tannie Alzette en Tannie Liezel was weer 'n voorslag in die kombuis. Baie dankie vir al die lekker kos en drinkgoed.

Ds. Willem baie dankie dat jy ons leer van God en hoe Hy vir ons sorg, al is dit soos vir Elija deur kraaie te stuur.

Groete

Dané Kershoff





**Preeknotas 10 September 2023**

**Jakobus 1:9-18**

Hoe groei ons weg van sonde

Sonde is `n mag

CS Lewis verduidelik dat daar `n universiële wet is waar alle mense en godsdienste weet wat goed en reg is. Almal weet mens moet nie steel, jok of moor nie. Almal weet wat basiese maniere is, ens. Tog hoekom tree mense so anders op. Hoekom kies ons verkeerde pad?

Dis keuses wat ons maak.

Kyk nou die woord in Jak. 1:2 en 13… Dieselfde woord word vir beproewing en versoeking gebruik.

Sonde is `n verslawing

Ons dink die goed sal ons gelukkig maak. Ons glo die goed sal ons sekuriteit gee. Dis wat middels doen. Dit maak beloftes aan jou wat dit nooit kan hou nie. Goeie goed raak verslawings as dit meer as God in jou lewe raak. Kinders, liefde, werk, ens. Dit raak `n overdesire! Epidesire. Begeerte van begeertes… Dit hou jou weg van God!

Sonde is `n proses

Daar is `n lus, dan `n verleiding, `n bevrugting, `n geboorte(sonde daad)…. En dan `n kleinkind. DOOD

Hoe breek ons die mag en die verslawing en die proses?

Jy moet glo in `n goeie God wat Goeie gawes gee en wil gee.

Jakobus help ons met praktiese raad om weg te groei van sonde.

Leef geanker en standvastig
Leef met liefde vir mense (in gesonde verhoudings)
Dink oor jou tong se uitlatings
Maak eerder vrede as moeilikheid
Wees afhanklik geduldig in gebed




**<u>Voorbidding</u>: Kaai de Kock**

**Lohette de Wet**

**Esther Moller (Heidehof) met die afsterwe van haar man.**

**Matriek-rekordeksamen en ….Matriekafskeid**

**Ons dink in gebed aan van die aksies die maand wat ons as kinders van God help bou en vorm: Tegnologie gebruik, Vrygewigheid, lekker lag by die Melo Drama en die vakansie wat nader kom.**




| Naam | Van | Verjaardag |
|---|---|---|
| Petro | De Witt | 09/08 |
| Lat | Lategan | 09/08 |
| PJ | Meintjies | 09/08 |
| Dc | Beukes | 09/09 |
| Heléne | Lourens | 09/09 |
| Jan | de Kock | 09/10 |
| Hannie | Morgan | 09/10 |
| Stephanie | Visser | 09/10 |
| Floris | Coetzee | 09/11 |
| Corette | Fick | 09/11 |
| Annie-Marié | Groenewald | 09/11 |
| Lana | De Kock | 09/12 |
| Ryna | Snyders | 09/12 |
| Pieter | Van Rens-burg | 09/12 |
| Amelia | Van Zyl | 09/12 |
| Anna | De Kock | 09/13 |
| Lu-Juan | Wessels | 09/13 |
| Weronica | Loftie-Eaton | 09/14 |
| Jan | Olivier | 09/14 |
| Leon | Theron | 09/14 |
| Nelius | De Wet | 09/15 |
| Johannes | Groenewald | 09/15 |
| Truné | Snyman | 09/15 |
| Leslie | Cowley | 09/16 |
| Karen | De Kock | 09/16 |
| Corne | Kemp | 09/16 |
| Frikkie | Lubbe | 09/16 |
| René-Louise | Theunissen | 09/16 |
| Serelda | Bester | 09/17 |
| Pieter | Crous | 09/17 |
| Lize-Mari | Dowling | 09/17 |
| Jano | Muller | 09/17 |
| Marietjie | Visagie | 09/17 |

## Slaglamveiling en Melodrama

Kaartjies beskikbaar by kerkkantoor.

Tafelbesprekings en enkel kaartjies beskikbaar




## Slaglamveiling 28 September

As daar enige persone is wat wil betrokke raak by die veeveiling kan julle vir Johan Wiehahn skakel by : 083 691 4137 of Francois Willemse : 082 771 5845



Heidehof Garagewinkel verkoop 'n wye verskeidenheid gebruikte items en snuisternye ten bate van Heidehof inwoners op SASSA en Betaaldae elke maand. Alle donasies welkom en word opreg waardeer. Wil jy deel van die vrywilliger span word of 'n skenking maak? Skakel asb vir Helena van Wyk by 082 924 8773


COIS DE
KOCK
NG MOEDERGEMEENTE CALEDON
JOURNEY OF
GENEROSITY
15 - 16 SEPTEMBER
'N LEWE UIT GOD SE VRYGEWIGHEID
MOET DIT NIE MIS NIE!


13 September 2023
Laerskool Overberg
TECH
TALK
AANLYN VEILIGHEID / AANLYN VEILIGHEID /
10:00 Laerskoolleerders
GRATIS
11:00 Hoërskoolleerders
GRATIS
18:30
Ouers R25 pp
AANDAG ALLE OUERS! KOM LEER SAAM OOR AANLYNVEILIGHEID, REGULERING VAN KINDERS SE SELFOONGEBRUIK, SELFOONTOEGANG, RISIKO'S VAN SOSIALE MEDIA & OUDERDOMSVERWANTE APPS.
Spreker: Nadine Blom
KAARTJIES BESKIKBAAR BY:
LAERSKOOL OVERBERG
KERKE IN DIE DORP
R25 PER PERSOON


CK
CALEDON KERSMARK
Caledon Kersmark 2023
PLEK: NG MOEDERGEMEENTE SAAL
Datum & Tyd:
30 Oktober - 4 November
Maandag : 14:00 - 19:00
Dinsdag - Donderdag : 09:00 - 18:00
Vrydag : 09:00 - 19:00
Saterdag : 09:00 - 14:00
Navrae:
Chrisna Delport - 082 944 4505
cd@gaf1.co.za


NAPIERGEMEENTE
175STE BESTAANSJAAR
FEESDINEE
IN NG KERKSAAL
30 SEPTEMBER 2023
175 KAARTJIES BESKIKBAAR BY KERKKANTOOR TEEN R175 ELK
18H30 VIR 19H00
VEGETARIËRS WELKOM - BEVESTIG ASB MET DIE AANKOOP VAN KAARTJIE
BRING ASB EIE DRINKGOED
KAARTJIES BESKIKBAAR BY
JENNY (KANTOOR) 081 335 0816
EN KERKRAADSLEDE

# So hou ons kontak!

**Kerkkantoor: 028 212 1202**
**ngkcaledon@twk.co.za**

**Kantoor Whatsapp-nommer:**
**072 807 3192**



**Ds. Dewald du Toit:**
**028 212 1332 |082 940 4901**
**dutoitdewald@yahoo.com**

**Ds. Willem Lubbe:**
**082 718 7298**
**willemlubbe@hotmail.com**

**Webblad: ngcaledon.co.za**

**Facebook: NG Kerk Caledon Moedergemeente**

**Bankbesonderhede: N.G. Kerk Caledon,**
**NEDBANK Tjekrek: 1835 010 229**
**Takkode: 183509**

Snap here to pay
SnapScan